No 14 - 2026] Third Session, Seventh Parliament

# MINUTES OF PROCEEDINGS

OF THE

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

THURSDAY, 21 MAY 2026

1. The House met virtually at 14:15.
2. The Speaker took the Chair and read the prayer.
3. [14:15] The Speaker made a general announcement regarding the sitting of the Western Cape Provincial Parliament in accordance with Rule 1A of the Standing Rules pertaining to Members in remote attendance by electronic means.
4. The Speaker requested Members to rise and observe a moment of silence in honour of all the victims of the recent devastating floods that affected the extensive parts of the province.
5. [14:18] Interpellations.
6. [15:08] Questions.
7. [16:10] Questions to the Premier without notice.
8. [16:32] Statements by Members.
9. [16:55] Response to statements by Members by Ms M M Wenger, Minister of Health and Wellness and Mr D J Maynier, Minister of Education.
10. [17:00] Motions with Notice *(in accordance with Standing Rule 151).*

    The Speaker made an announcement in accordance with the Standing Rule 151, all Notices of Motion by Members are required to be delivered to the Secretary for placing on the Order Paper. These motions, duly submitted, will be published on the Order Paper.
11. [17:01] Motions without notice *(in accordance with Standing Rule 150).*
12. Ms B Stoffel moved without notice: That the House notes and congratulates Professor Veruscha Fester on receiving the Innovation Champion Award in recognition of her outstanding leadership in advancing innovation, research translation and industry engagement in the fields of water, sanitation and advanced materials research; notes that her work continues to strengthen applied research, student innovation and collaborative partnerships that contribute meaningfully to societal development and economic growth; and commends her commitment to using research and innovation to address critical challenges facing communities and the country at large.

    Agreed to.

13. Ms N D Nkondlo moved without notice: That the House congratulates Dr Sune Henning, Dr Ayodele Periola and Prof Asis Patnaik on receiving the Industry Collaboration Award in recognition of their impactful partnerships across the food science, electrical engineering and textile sectors; notes that their collaborative research continues to advance applied innovation, industry development, sustainability and meaningful community impact through strong engagement with industry and research partners; and commends their contribution towards strengthening collaboration between academia and industry for the benefit of society and economic development.

    Agreed to.

14. Ms A P Bans moved without notice: That the House congratulates Ms Sindiswa Papa on receiving the Inclusive Innovation Award for developing the Inclusive Graduation Gown, an innovative design aimed at improving accessibility, comfort and dignity for wheelchair users during graduation ceremonies; notes that this achievement demonstrates the transformative power of inclusive and socially responsive innovation in addressing the needs of persons with disabilities; and commends her for creating a meaningful innovation that advances inclusion, equality and human dignity.

    Agreed to.

15. Ms B Stoffel moved without notice: That the House notes and expresses sincere condolences after the tragic passing away of Ms Phathiswa Mkhunjulwa who lost her life after a tree fell onto the Bolt vehicle she was travelling in during severe stormy weather on Tennant Road in Wynberg; notes with sadness that she was declared dead on the scene while the driver sustained injuries; further notes that her untimely passing away has left her family, friends and the broader community in deep shock and mourning; and calls on residents to exercise caution during severe weather conditions and wishes the injured driver a full and speedy recovery.

    Agreed to.

16. Mr M B Ngqentsu moved without notice: That the House notes the brutal killing of a 24-year-old man, Nango, who was confined to a wheelchair, and Blikkies, who were both shot and killed in Belhar; notes with grave concern the continued escalation of violent crime, shootings and gang-related activity that continue to plague communities across the Cape Flats; further notes that incidents of this nature deepen fear, trauma and insecurity among residents who are already living under the constant threat of violence; condemns the ongoing failure to protect vulnerable communities adequately from organised criminal activity and gun violence; conveys heartfelt condolences to the families, friends and loved ones of the deceased; and calls for urgent and coordinated interventions to restore safety, lawfulness and dignity in affected communities.

    Agreed to.

17. Mr M B Ngqentsu moved without notice: That the House notes with deep shock and outrage the tragic death of Ms Nonkululo Fente, a 39-year-old pregnant woman from Khayelitsha, who allegedly died following a police raid conducted by members attached to the Lingelethu West Police Station; further notes the serious allegations that she was assaulted and tortured during the operation while being four months pregnant; condemns in the strongest possible terms any abuse of power, brutality and violations of human rights

by law enforcement officials; further notes that incidents of this nature erode public trust in policing and disproportionately affect poor and working-class communities; conveys heartfelt condolences to the family, friends and loved ones of Ms Fente and her unborn child; and calls for a full, transparent and urgent investigation to ensure that those responsible are held accountable before the law.

Agreed to.

18. Mr N P Masipa moved without notice: That the House congratulates Karel Bouckaert, the founder of the Paarl-based company Bouckaert-Soenen, on the momentous occasion of his 100th birthday on 12 May 2026; notes that Mr Bouckaert, who emigrated from Belgium in 1951, began his journey in the textile industry from his garage, producing small national flags before expanding into the successful factory that continues to operate in Paarl today; commends his groundbreaking contributions to the South African textile industry, including being the first in the country to produce printed T-shirts and specialised printing materials, as well as designing iconic emblems for the South African Police Service, government departments, schools and sports teams; extends warmest wishes to Mr Bouckaert and his family on celebrating a century of a life well-lived and a remarkable contribution to the South African industry.

Agreed to.

19. Mr G Bosman moved without notice: That the House congratulates the Artscape Theatre Centre on celebrating its 55th anniversary on 19 May 2026, marking over five decades as a cornerstone of the Western Cape's cultural and economic landscape; notes that, since opening its doors in 1971, Artscape has undergone a profound transformation from the exclusionary Nico Malan Theatre into a vibrant, inclusive hub under the theme "A Place for All", reflecting the democratic journey of our nation; acknowledges Artscape's significant economic contribution to the Western Cape, acting as a vital engine for the creative economy by supporting thousands of jobs for artists, technicians and service providers, while maintaining a stellar record of good governance and clean audits; and extends appreciation to the board, management and staff of Artscape for ensuring that the performing arts remain a powerful tool for education, expression and economic empowerment for all the citizens of the province.

Agreed to.

20. Mr D W Bryant moved without notice: That the House notes with deep sadness the loss of 10 lives and the widespread devastation caused by the recent severe weather conditions across the Western Cape, which displaced thousands of residents and damaged homes, infrastructure and essential services; conveys heartfelt condolences to the families, friends and communities who are mourning loved ones lost during this tragedy; and further recognises and thanks disaster management teams, emergency personnel, humanitarian organisations, volunteers, healthcare workers and municipal officials who continue to provide relief and support to affected communities under extremely difficult conditions.

Agreed to.

21. Mr B Adams moved without notice: That the House notes with serious concern the widespread damage caused by the recent floods and strong winds across the Western Cape, particularly affecting indigent households, backyard dwellers and residents living in informal structures; further notes that many families are currently left exposed to dangerous

weather conditions due to damaged roofs, flooded homes and destroyed structures, placing vulnerable residents, including children and the elderly, at further risk; acknowledges the efforts of emergency services, municipal workers and community volunteers assisting the affected residents during this crisis; and therefore calls on the Western Cape Government to provide emergency roof repair assistance and building materials urgently to the indigent households affected by the floods and strong winds, to establish temporary emergency structures and shelter support for displaced backyard dwellers and informal settlement residents, to prioritise vulnerable communities in disaster relief interventions and to engage all the relevant municipalities and the national government departments to accelerate emergency housing and disaster recovery support for affected residents.

Agreed to.

22. Mr P Johnson moved without notice: That the House welcomes the presentation of the first annual report of the Schools Evaluation Authority (SEA) to the Standing Committee on Education in the Western Cape Provincial Parliament; further notes that, during the 2024/25 financial year, the SEA conducted 93 school evaluations across the province, including 89 two-day evaluations, one one-day evaluation and three rapid-fire monitoring visits, with 2 261 teachers observed and 2 652 lessons assessed; acknowledges that the SEA is unique to the Western Cape and reflects the DA-led Western Cape Government's commitment to accountability, transparency and improving learner outcomes through evidence-based school improvement; recognises the important role played by the SEA in identifying both strengths and areas for development in schools, while promoting quality teaching, strong leadership and improved governance across the provincial education system; and commends the SEA and its evaluators for their significant contribution towards strengthening education outcomes and ensuring that every learner in the Western Cape has access to quality education and the opportunity to succeed.

Agreed to.

23. Mr M B Ngqentsu moved without notice: That the House notes and welcomes the announcement by the Cape Organisation for the Democratic Taxi Association (Codeta) to introduce a cashless payment system across taxi operations in Cape Town from 1 June 2026, marking a significant step towards the modernisation and digitisation of the minibus taxi industry in the Western Cape; further welcomes the potential benefits associated with this initiative, including improved commuter safety through reduced cash handling, the decreased risk of robberies affecting both commuters and taxi operators, and the enhanced transparency and efficiency in the public transport system; acknowledges that the transition to cashless payments represents an important milestone in aligning the minibus taxi industry with broader global trends in transport innovation and digital financial inclusion, while strengthening the operational sustainability of one of the province's most widely used modes of public transport; further acknowledges the role of taxi associations, such as Codeta, in driving industry reforms that seek to improve service delivery, safety standards and organisational efficiency in the sector; recognises that the minibus taxi industry remains a critical pillar of public transport in the Western Cape, providing essential mobility for millions of commuters who rely on it to access employment, education, healthcare and other socio-economic opportunities; encourages continued collaboration between taxi associations, the government and financial service providers to ensure a smooth, inclusive and well-supported transition to cashless systems that benefits both operators and commuters; and therefore calls on all relevant stakeholders to ensure that the

implementation of the cashless payment system is rolled out in a manner that is accessible, affordable and user-friendly, particularly for low-income and unbanked commuters, while contributing to a safer, more efficient and modernised public transport system in the Western Cape.

Agreed to.

24. Ms N D Nkondlo moved without notice: That the House notes the latest consumer price index (CPI) data released by Statistics South Africa that indicate that inflation has remained persistently elevated and continues to place significant pressure on the cost of living for households across the country; further notes that recent figures show inflation trending at around the 3% to 4% range in early 2026, with notable upward pressure driven by key essentials, such as food, transport, electricity, education and housing, all of which form the bulk of household expenditure for low- and middle-income families; acknowledges that, while headline inflation may appear moderate in aggregate terms, the lived reality for poor and working-class households is one of sustained cost-of-living pressure, as wages and social grants continue to lag behind the rising prices of basic goods and services; further acknowledges that food inflation, transport costs and administered prices, such as electricity and municipal tariffs, continue to affect vulnerable communities disproportionately, particularly in townships, informal settlements and rural areas, where households already allocate a large share of their income to basic survival needs; recognises that inflationary pressures are compounded by broader structural challenges, including high unemployment, slow economic growth, inequality and dependence on imported fuel, which makes South Africa's economy highly sensitive to global price shocks; and expresses concern that the rising living costs are deepening poverty, increasing household debt and reducing disposable income, thereby limiting access to nutrition, education, healthcare and other essential services.

Agreed to.

25. Mr N P Masipa moved without notice: That the House notes with deep concern the catastrophic impact of the intense frontal systems that have battered the Western Cape, leaving our agricultural heartlands in a state of emergency; notes that the record-shattering rainfall has caused the Breede River to burst its banks, causing widespread devastation from Rawsonville and Worcester down through the Langeberg and Swellendam municipalities, where orchards and vineyards were submerged; further notes the severe damage to farming infrastructure in Robertson and Swellendam, including the evacuation of communities, such as Silverstrand, and the destruction of vital access bridges, which has left both commercial and small-scale farmers unable to reach their livestock or crops; further notes the severe blow to the citrus industry, particularly in the Langkloof and Gamtoos valleys, where farmers report losing up to 70% of their crop in certain blocks, alongside the total destruction of vital irrigation systems, farm bridges and the undermining of key export arteries, such as the N1 corridor; acknowledges the harrowing humanitarian toll on our rural communities, including the emergency roof-top evacuations of farmworkers, and the tragic loss of life across the province, as well as the long-term threat to food security and the livelihoods of thousands of seasonal workers; and recognises the rapid response of the NSRI, provincial disaster management and the Department of Agriculture teams currently conducting damage assessments.

Agreed to.

26. Mr P Johnson moved without notice: That the House notes with serious concern the ongoing vandalism and theft at schools across the Western Cape; further notes that, during an oversight visit to Sir Lowry's Pass Primary School, the damaging impact that vandalism has on education quality and school infrastructure was witnessed; acknowledges that vandalism incidents continue to escalate during school holiday periods, with the March school holidays alone resulting in infrastructure damage amounting to nearly R400 000, disrupting teaching and learning and placing additional financial pressure on the education system; recognises that acts of vandalism rob learners of safe learning environments and divert critical resources away from classrooms, infrastructure development and learner support; further notes the work being done by the DA-led Western Cape Government through interventions, such as the expansion of the School Resource Officer Programme, strengthened school safety measures, increased investment in safer schools and provided ongoing support for school infrastructure protection; and calls on communities, parents, civil society organisations and law enforcement agencies to work together to protect schools as vital community assets and places of opportunity for learners.

Agreed to.

27. Prof N Mbombo moved without notice: That the House notes the launch of the Go George Route 11 connecting Thembalethu to the Garden Route Mall precinct; further notes that the route provides commuters with a direct transport connection to employment opportunities, schools, businesses and essential services, while reducing the need for multiple transfers and long travel times; acknowledges the importance of accessible and reliable public transport in improving economic mobility and connectivity for communities; and notes that continued investment in integrated public transport infrastructure remains important for supporting growing communities across the Western Cape.

Agreed to.

28. Mr P Johnson moved without notice: That the House notes an entrepreneurship initiative observed during an oversight visit to the Nomzamo Primary School, where Grade 7 Natural Sciences learners grow produce on the school premises and sell it to fellow learners, parents and members of the community; further notes that learners are permitted to retain the profits generated from these sales, exposing them to financial literacy, entrepreneurship, responsibility and practical learning opportunities at a young age; recognises the role schools can play in equipping learners with both academic knowledge and practical life skills; and notes the importance of supporting learner development initiatives that encourage self-reliance, innovation and economic participation among young people.

Agreed to.

29. The House adjourned at 17:35.



Digitally signed by Ressida Begg
Date: 2026.06.04 12:27:30 +02'00'

Ressida K Begg
Secretary to the Provincial Parliament

# NOTULE VAN VERRIGTINGE

VAN DIE

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

=========================

DONDERDAG, 21 MEI 2026

1. Die Huis kom virtueel om 14:15 byeen.

2. Die Speaker neem die Stoel in en lees die gebed voor.

3. [14:16] Die Speaker doen ’n algemene aankondiging met betrekking tot die sitting van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement in ooreenstemming met Reël 1A van die Staande Reëls van toepassing op Lede wat op afstand teenwoordig is met behulp van elektroniese middele.

4. [14:17] Die Speaker versoek die Lede om op te staan en 'n oomblik van stilte te handhaaf ter ere van al die slagoffers van die onlangse verwoestende vloede wat die groot dele van die provinsie geraak het.

5. [14:18] Interpellasies.

6. [15:08] Vrae.

7. [16:10] Vrae aan die Premier sonder kennisgewing.

8. [16:32] Verklarings deur Lede.

9. [16:55] Reaksie op verklarings deur Lede deur me M M Wenger, Minister van Gesondheid en Welstand en mnr D J Maynier, Minister van Onderwys.

10. [17:00] Voorstelle met kennisgewing *(ooreenkomstig Staande Reël 151).*

    Die Speaker doen ’n aankondiging ooreenkomstig die Staande Reël 151 dat daar vereis word dat alle voorstelle met kennisgewing deur Lede by die Sekretaris ingedien moet word om op die Ordelys geplaas te word. Hierdie voorstelle, behoorlik ingedien, sal op die Ordelys gepubliseer word.

11. [17:01] Voorstelle sonder kennisgewing *(ooreenkomstig Staande Reël 150).*

12. Me B Stoffel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van en professor Veruscha Fester gelukwens nadat sy die Toekenning vir Innoveringskampioen ontvang het ter erkenning van haar merkwaardige leierskap in die bevordering van innovering, die omskakeling van navorsing en skakeling met die bedryf in die velde vir navorsing oor water, sanitasie en gevorderde materiaal; kennis neem dat haar werk voortgaan om toegepaste navorsing, studente-innovering en samewerkende vennootskappe te versterk wat ’n betekenisvolle bydrae lewer tot die ontwikkeling van die samelewing en ekonomiese groei;

en haar haar toewyding loof om navorsing en innovering te gebruik om aandag te skenk aan kritieke uitdagings wat gemeenskappe en die land in geheel die hoof moet bied.

Goedgekeur.

13. Me N D Nkondlo stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis dr Sune Henning, dr Ayodele Periola en prof Asis Patnaik gelukwens nadat hulle die Toekenning vir Nywerheidsamewerking ontvang het ter erkenning van hul impakvolle vennootskappe in die sektor vir voedselwetenskap, elektriese ingenieurswese en tekstiel; kennis neem dat hul samewerkende navorsing steeds voortgaan om toegepaste innovering, nywerheidsontwikkeling, volhoubaarheid en betekenisvolle gemeenskapsimpak te bevorder deur middel van kragtige skakeling met nywerheids- en navorsingsvennote; en hul bydrae loof vir die versterking van samewerking tussen die akademiese wêreld en die bedryfswese tot voordeel van die samelewing en ekonomiese ontwikkeling.

Goedgekeur.

14. Me A P Bans stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis me Sindiswa Papa gelukwens nadat sy die Toekenning vir Inklusiewe Innovering ontvang het vir die ontwikkeling van die Inklusiewe Gradeplegtigheidstoga, wat ’n innoverende ontwerp is wat ten doel het om toeganklikheid, gemak en waardigheid vir rolstoelgebruikers tydens gradeplegtighede te verbeter; kennis neem dat hierdie prestasie die transformerende krag ten toon stel van innovering wat inklusief en maatskaplik verantwoordelik is om aandag te skenk aan die behoeftes van persone met gestremdhede; en haar loof omdat sy ’n betekenisvolle innovering geskep het wat insluiting, gelykheid en menswaardigheid bevorder.

Goedgekeur.

15. Me B Stoffel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van en innige meegevoel betuig ná die tragiese dood van me Phathiswa Mkhunjulwa nadat ’n boom in Tennantweg in Wynberg op die Bolt-voertuig geval het waarin sy in erge stormweer gereis het; met hartseer kennis neem dat sy op die toneel dood verklaar is en dat die bestuurder beserings opgedoen het; verder kennis neem dat haar ontydige dood haar familie, vriende en die groter gemeenskap in diep skok en rou gedompel het; en ’n beroep doen op inwoners om versigtig te wees in gure weerstoestande en die bestuurder ’n volledige en spoedige herstel toewens.

Goedgekeur.

16. Mnr M B Ngqentsu stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die wrede moord op ’n 24-jarige man, Nango, wat in ’n rolstoel was, en Blikkies, wat albei in Belhar doodgeskiet is; met diepe kommer kennis neem van die voortgesette toename in geweldsmisdaad, skietvoorvalle en benderverwante aktiwiteit wat gemeenskappe op die Kaapse Vlakte steeds teister; verder kennis neem dat voorvalle van hierdie aard vrees, trauma en onveiligheid vererger onder inwoners wat reeds gedurig in vrees vir dreigende geweld leef; die voortgesette mislukking veroordeel om weerlose inwoners genoegsaam teen aktiwiteite van georganiseerde misdaad en vuurwapengeweld te beskerm; innige meegevoel betuig met die oorledenes se families, vriende en geliefdes; en ’n beroep doen op dringende en gekoördineerde ingrypings om veiligheid, wettigheid en waardigheid te herstel in gemeenskappe wat geraak word.

Goerdgekeur.

17. Mnr M B Ngqentsu stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe skok en verontwaardiging kennis neem van die tragiese dood van me Nonkululo Fente , ’n 39-jarige swanger vrou van Khayelitsha, wat na bewering dood is ná ’n polisieklopjag wat uitgevoer is deur beamptes wat aan die Lingelethu-Wes-polisiestasie gekoppel is; verder kennis neem van die ernstige aantygings dat sy tydens die operasie aangerand en gemartel is en terwyl sy vier maande swanger was; enige magsvergrype, wreedaardigheid en skendings van menseregte deur wetstoepassingsbeamptes ten sterkste veroordeel; verder kennis neem dat voorvalle van hierdie aard openbare vertroue in polisiëring vernietig en arm en werkersklasgemeenskappe op ’n ongelyke wyse raak; innige meegevoel betuig met die familie, vriende en geliefdes van me Fente en haar ongebore baba; en ’n beroep doen op ’n volledige, deursigtige en dringende ondersoek om toe te sien dat diegene wat verantwoordelik is, voor die reg verantwoording doen.

Goedgekeur.

18. Mnr N P Masipa stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Karel Bouckaert, die stigter van die maatskappy Bouckaert-Soenen in Paarl, gelukwens met die mylpaalgebeurtenis van sy 100ste verjaardag op 12 Mei 2026; kennis neem dat mnr Bouckaert, wat in 1951 uit België geïmmigreer het, sy reis in die tekstielbedryf vanuit sy motorhuis begin het, en klein landsvlae vervaardig het voordat hy uitgebrei het na die suksesvolle fabriek wat vandag nog in Paarl bedryf word; sy baanbrekersbydrae tot die Suid-Afrikaanse tekstielbedryf loof, insluitende dat hy die eerste persoon in die land was wat gedrukte T-hemde en gespesialiseerde drukmateriaal vervaardig het, sowel as die ontwerp van ikoniese embleme vir die Suid-Afrikaanse Polisiediens, staatsdepartemente, skole en sportspanne; hartlike gelukwense teenoor mnr Bouckaert en sy familie uitspreek met die viering van ’n eeue lange goeie lewe en ’n merkwaardige bydrae tot die Suid-Afrikaanse bedryfswese.

Goedgekeur.

19. Mnr G Bosman stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Kunstekaap-teatersentrum gelukwens met die viering van sy 55ste herdenking op 19 Mei 2026, wat vir meer as vyf dekades die hoeksteen van die Wes-Kaap se kulturele en ekonomiese landskap is; kennis neem dat die Kunstekaap, sedert sy deure in 1971 geopen is, ’n merkwaardige transformasie ondergaan het van die eksklusiewe Nico Malan-teater na ’n lewendige, inklusiewe kern met die tema “’n Plek vir Almal”, wat ons land se demokratiese reis weerspieël; erkenning gee aan Kunstekaap se beduidende ekonomiese bydrae tot die Wes-Kaap, wat optree as ’n noodsaaklike dryfveer vir die kreatiewe ekonomie deur duisende werkgeleenthede vir kunstenaars, tegnici en diensverskaffers te ondersteun, terwyl hy ’n uitnemende rekord vir goeie bestuurtoesig en skoon oudits handhaaf; en waardering uitspreek teenoor die raad, bestuur en personeel van Kunstekaap omdat hulle toesien dat die uitvoerende kunste steeds ’n kragtige instrument vir onderrig, uitdrukking en ekonomiese bemagtiging vir al die inwoners van die provinsie is.

Goedgekeur.

20. Mnr D W Bryant stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die verlies van 10 lewens en die wydverspreide verwoesting wat deur die onlangse gure weerstoestande in die Wes-Kaap veroorsaak is, wat duisende inwoners ontwortel het en wonings, infrastruktuur en noodsaaklike dienste beskadig het; innige meegevoel betuig met die families, vriende en gemeenskappe wat oor geliefdes treur wat in hierdie tragedie dood is; en verder erkenning gee aan en dankbaarheid uitspreek tenoor rampbestuurspanne, noodpersoneel, humanitêre organisasies, vrywilligers,

gesondheidsorgwerkers en munisipale amptenare wat steeds in uiters moeilike omstandighede verligting en ondersteuning verskaf aan gemeenskappe wat geraak is.

Goedgekeur.

21. Mnr B Adams stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe kommer kennis neem van die wydverspreide skade wat deur onlangse vloede en sterk wind in die Wes-Kaap veroorsaak is, wat veral arm huishoudings, agterplaasbewoners en inwoners raak wat in informele strukture woon; verder kennis neem dat talle families tans aan gevaarlike weerstoestande blootgestel is weens beskadigde dakke, huise wat oorstroom het, en strukture wat vernietig is, wat weerlose inwoners, insluitende kinders en bejaardes, verder in gevaar stel; erkenning gee aan die pogings van nooddienste, munisipale werkers en vrywilligers uit die gemeenskap wat inwoners wat geraak is, tydens hierdie krisis help; en dus 'n beroep op die Wes-Kaapse Regering doen om dringend noodbystand vir die herstel van dakke en boumateriaal te verskaf aan arm huishoudings wat deur die vloede en sterk wind geraak is, om tydelike noodstrukture en huisvestingsondersteuning te verskaf aan agterplaasbewoners en inwoners in informele nedersettings wat ontwortel is, om weerlose gemeenskappe vir ingrypings vir rampverligting te prioritiseer en om met alle toepaslike munisipaliteite en die nasionale staatsdepartemente te skakel om noodbehuising en ondersteuning vir rampherstel te bespoedig vir inwoners wat geraak is.

Goedgekeur.

22. Mnr P Johnson stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die voorlegging van die eerste jaarverslag van die Skoolevalueringsgesag ("Schools Evaluation Authority" of SEA) aan die Staande Komitee oor Onderwys in die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement verwelkom; verder kennis neem dat die SEA in die 2024/25- finansiële jaar 93 skoolevaluerings in die provinsie uitgevoer het, insluitende 89 evaluerings oor twee dae, een evaluering op een dag, en drie blitsmoniteringsbesoeke, waartydens 2 261 onderwysers waargeneem is en 2 652 lesse beoordeel is; erkenning gee dat die SEA uniek aan die Wes-Kaap is en die DA-beheerde Wes-Kaapse Regering se toewyding aan verantwoordingspligtigheid, deursigtigheid en die verbetering van leerderuitkomste deur middel van bewysgebaseerde skoolverbetering weerspieël; erkenning gee aan die belangrik rol wat die SEA speel om sterkpunte sowel as gebiede vir ontwikkeling by skole te identifiseer, terwyl onderwys van gehalte, sterk leierskap en verbeterde bestuurstoesig in die provinsiale onderwysstelsel bevorder word; en die SEA en sy evalueerders loof vir hul beduidende bydrae om onderwysuitkomste te versterk en toe te sien dat elke leerder in die Wes-Kaap toegang het tot onderwys van gehalte en die geleentheid om sukses te behaal.

Goedgekeur.

23. Mnr M B Ngqentsu stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van en die aankondiging deur die Cape Organisation for the Democratic Taxi Association (Codeta) verwelkom dat 'n kontantlose betaalstelsel vir taxibedrywighede vanaf 1 Junie 2026 in Kaapstad bekendgestel sal word, wat 'n beduidende stap is om die minibustaxibedryf in die Wes-Kaap te moderniseer en digitaliseer; verder die moontlike voordele verwelkom wat met hierdie inisiatief verband hou, insluitende beter veiligheid vir pendelaars omdat minder kontant hanteer word, die kleiner risiko vir rooftogte wat pendelaars sowel as taxi-operateurs raak, en beter deursigtigheid en doeltreffendheid van die stelsel vir openbare vervoer; erkenning gee dat die oorgang na kontantlose betalings 'n belangrike mylpaal is om die minibustaxibedryf in ooreenstemming te bring met groter internasionale tendense vir vervoerinnovering en digitale finansiële insluiting, terwyl die bedryfsvolhoubaarheid

versterk word van een van die provinsie se vervoermiddels wat die meeste gebruik word; verder erkenning gee aan die rol van taxiverenigings, soos Codeta, om bedryfshervormings aan te dryf wat dienslewering, veiligheidstandaarde en organisatoriese doeltreffendheid in die sektor wil verbeter; erkenning gee dat die minibustaxibedryf steeds ’n kritieke pilaar van openbare vervoer in die Wes-Kaap is, wat noodsaaklike mobiliteit aan miljoene pendelaars verskaf wat daarop staatmaak om toegang tot indiensneming, opvoeding, gesondheidsorg en ander sosio-ekonomiese geleenthede te verkry; voortgesette samewerking tussen taxiverenigings, die staat en verskaffers van finansiële dienste aanmoedig om ’n gladde, inklusiewe en goed ondersteunde oorgang na kontantlose stelsels te verseker wat operateurs sowel as pendelaars bevoordeel; en dus ’n beroep doen op alle toepaslike belanghebbendes om toe te sien dat die toepassing van die kontantlose betaalstelsel op ’n manier bekendgestel word wat toeganklik, bekostigbaar en gebruikersvriendelik is, veral vir pendelaars met ’n lae inkomste en wat nie bankrekenings het nie, terwyl dit tot ’n veiliger, meer doeltreffende en gemoderniseerde stelsel vir openbare vervoer in die Wes-Kaap bydra.

Goedgekeur.

24. Me N D Nkondlo stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die jongste data oor die verbruikersprysindeks (VPI) wat deur Statistieke Suid-Afrika bekendgemaak is en wat aandui dat inflasie volgehoue hoog gebly het en voortgaan om beduidende druk op lewenskoste van huishoudings in die land te plaas; verder kennis neem dat die jongste syfers aandui dat inflasie vroeg in 2026 tussen 3% en 4% gewissel het, met merkbare opwaartse druk wat aangedryf is deur hoofnoodsaaklikhede, soos voedsel, vervoer, elektrisiteit, opvoeding en behuising, wat saam die grootste deel van huishoudingsbesteding vir lae- en middelinkomstefamilies uitmaak; erkenning gee dat, terwyl oorkoepelende inflasie in totale terme matig voorkom, arm en werkersklashuishoudings volgehoue druk van lewenskoste ervaar, aangesien lone en maatskaplike toelaes nie tred hou met die stygende pryse van basiese goedere en dienste nie; verder erkenning gee dat voedselinflasie, vervoerkoste en geadministreerde pryse, soos elektrisiteits- en munisipale tariewe, steeds weerlose inwoners op ’n ongelyke wyse raak, veral in townships, informele nedersettings en plattelandse gebiede, waar huishoudings reeds ’n groot deel van hul inkomste aan basiese noodsaaklikhede vir oorlewing toewys; erkenning gee dat inflasiedruk vererger word deur groter strukturele uitdagings, insluitende hoë werkloosheid, stadige ekonomiese groei, ongelykheid en afhanklikheid van ingevoerde brandstof, wat Suid-Afrika se ekonomie hoogs sensitief vir internasionale prysskokke maak; en kommer uitspreek dat die stygende lewenskostes armoede vererger, huishoudingskuld vermeerder en besteebare inkomste verminder, wat dus toegang tot voeding, onderwys, gesondheidsorg en ander noodsaaklike dienste beperk.

Goedgekeur.

25. Mnr N P Masipa stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe kommer kennis neem van die rampspoedige impak van die sterk frontale stelsels wat die Wes-Kaap in ’n gehawende toestand gelaat het, en die hartland van ons landbou in ’n noodtoestand gelaat het; kennis neem dat die rekordreënval veroorsaak het dat die Breederivier sy walle oorstroom het, wat wydverspreide verwoesting vanaf Rawsonville en Worcester tot by die Langeberg- en Swellendam-munisipaliteit veroorsaak het, waar boorde en wingerde onder water was; verder kennis neem van die ernstige skade aan plaasinfrastruktuur in Robertson en Swellendam, insluitende die ontruiming van gemeenskappe, soos Silverstrand, en die vernietiging van uiters noodsaaklike toegangsbrûe, wat veroorsaak het dat kommersiële

sowel as kleinskaalse boere nie hul vee of gewasse kon bereik nie; verder kennis neem van die ernstige slag wat die sitrusbedryf toegedien is, veral in die Langkloof- en Gamtoosvallei, waar boere aangemeld het dat hulle tot 70% van hulle gewasse in sekere blokke verloor het, bo en behalwe die algehele vernietiging van uiters noodsaaklike besproeiingstelsels, plaasbrûe en die verspoeling van hoofare vir uitvoere, soos die N1-korridor; erkenning gee aan die hartverskeurende humanitêre tol op ons plattelandse gemeenskappe, insluitende die noodontruiming van plaaswerkers wat op dakke vasgekeer was, en die tragiese lewensverliese in die provinsie, sowel as die bedreiging vir voedselsekerheid en die lewensbestaan van duisende seisoenwerkers oor die lang termyn; en erkenning gee aan die vinnige optrede deur spanne van die NSRI, provinsiale rampbestuur en die Departement van Landbou wat tans beoordelings van die skade uitvoer.

Goedgekeur.

26. Mnr P Johnson stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met ernstige kommer kennis neem van die voortgesette vandalisme en diefstal by skole in die Wes-Kaap; verder kennis neem dat, tydens ’n toesigbesoek aan die Laerskool Sir Lowryspas, die skadelike impak van vandalisme op die gehalte van onderwys en skoolinfrastruktuur waargeneem is; erkenning gee dat voorvalle van vandalisme steeds tydens skoolvakansietydperke toeneem, en dat daar alleenlik tydens die Maart-skoolvakansie skade aan infrastruktuur gerig is wat nagenoeg R400 000 beloop, wat onderrig en leer ontwrig en bykomende finansiële druk op die onderwysstelsel plaas; erkenning gee dat voorvalle van vandalisme leerders van veilige leeromgewings ontneem en veroorsaak dat kritieke hulpbronne vir klaskamers, infrastruktuurontwikkeling en leerder-ondersteuning elders aangewend word; verder kennis neem van die werk wat die DA-beheerde Wes-Kaapse Regering deur middel van ingrypings doen, soos die uitbreiding van die Program vir Skoolhulpbronbeamptes, versterkte maatreëls vir skoolveiligheid, groter belegging in veiliger skole en voortgesette ondersteuning vir die beskerming van skoolinfrastruktuur; en ’n beroep doen op gemeenskappe, ouers, organisasies van die burgerlike samelewing en agentskappe vir wetstoepassing om saam te werk om skole as uiters noodsaaklike gemeenskapsbates en plekke van geleenthede vir leerders te beskerm.

Goedgekeur.

27. Prof N Mbombo stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die bekendstelling van die Go George Roete 11 wat Thembalethu met die Garden Route Mall-gebied verbind; verder kennis neem dat die roete ’n direkte vervoerverbinding vir werkgeleenthede, skole, sakeondernemings en noodsaaklike dienste aan pendelaars verskaf, terwyl die vereiste van verskeie aansluitings en lang reistye verminder word; erkenning gee aan die belangrikheid van toeganklike en betroubare openbare vervoer om ekonomiese mobiliteit en konnektiwiteit vir gemeenskappe te verbeter; en kennis neem dat voortgesette belegging in geïntegreerde infrastruktuur vir openbare vervoer steeds belangrik is om groeiende gemeenskappe in die Wes-Kaap te ondersteun.

Goedgekeur.

28. Mnr P Johnson stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van ’n inisiatief vir entrepreneurskap wat tydens ’n toesigbesoek aan die Laerskool Nomzamo waargeneem is, waar Natuurwetenskappe-leerders in graad 7 vars produkte op die skoolperseel kweek en dit aan medeleerders, ouers en lede van die gemeenskap verkoop; verder kennis neem dat die leerders toegelaat word om die wins wat uit hierdie verkope gemaak word, te hou,

wat hulle op ’n jong ouderdom aan finansiële geletterdheid, entrepreneurskap, verantwoordelikheid en praktiese leergeleenthede blootstel; erkenning gee aan die rol wat skole kan speel om leerders met akademiese kennis sowel as praktiese lewensvaardighede toe te rus; en kennis neem van die belangrikheid om inisiatiewe vir leerderontwikkeling te ondersteun wat selfstandig-heid, innovering en ekonomiese deelname onder jongmense aanmoedig.

Goedgekeur.

29. Die Huis verdaag om 17:35.

Ressida K Begg
Sekretaris van die Provinsiale Parlement